WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 15/2017

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Koos Maritz van die Infanterie

Koos se familie verwittig met leedwese dat Koos op 15/10/2017 in Saal 16 van 1 Mil Hosp oorlede is, nadat hy reeds daar op 08/08/2017 vir behandeling na 'n buikoperasie in Kloof Hospitaal opgeneem is. Koos se seun, Kobus, se selno is 082 852 2416. Die gedenkdiens het op 19/10/2917 by die NG Gemeente Sesmylspruit in Clubview plaasgevind. Koos se foto is links, terwyl die Veterane se erewag en Vaandelgroep onder bevel van AO1 Jack Pearce regs aangetoon word. Die foto is tydens die speel van die Laaste Taptoe geneem.

2. Afsterwe van Daan Nell van die Seiners en die Parabats

* Deon van Zyl van die Seiners verwittig met leedwese "… dat Daan op 19/10/2017 aan huis oorlede is. Daan se vrou, Meisie, se selno is 082 901 9183. Die gedenkdiens het op 24/11/2017 by die Gereformeerde Gemeente in Wierdapark plaasgevind". Die een foto toon 'n deel van die Veterane se erewag na die diens en die tweede een die lykswa en Vaandelgroep voor die bevel van AO1 Johan du Preez van die SAWV. Krige van Heerden van die Parabats het die fotos verskaf.

3. Video van die Twee Gedenkdienste

Paul Els het ‘n video van die verrigting gemaak en noem dat dit op die skakel by https://www.facebook.com/paul.j.els beskikbaar is.

4. Afsterwe van Cor van Niekerk van die Infanterie

Bertus Steenkamp van Afd Inl, Ore van den Heever van die Kavallerie en Toon Cook van die Infanterie verwittig met leedwese dat Cor skielik op 29/10/2017 in Little Company of Mary Hospitaal weens ’n infeksie en nierversaking oorlede is. Cor het nog op 27/10/2017 ‘n vriendelike besoek aan Ore gebring. Cor se vrou, Martie, se telefoonnommers is 012-370 3848 en 083 409 4143. Voorlopige reëlings vir die begrafnis is 14:00 op Woensdag 01/11/2017 by die NG Gemeente Erasmia in Alettastraat. Reëlings sal eers bevestig word na een van die seuns se aankoms uit Saudi-Arabië. Bevestig reëlings met Cor (jnr) by 082 333 7019.

5. Passing of Terry Sole Military Medal Society

Manuel Ferreira of the SAAF advises with deep regret “… that Terry was murdered on 26/09/2017 at his home in Edenvale. Terry was a foundation member of the Military Medal Society and wrote the book ‘*For God, Queen and Colony’,* which dealt with the medals of the Colonial, Volunteer and Native Regiments in the Zulu War of 1870. The funeral was held on 06/10/2017 at the Methodist Church in Edenvale”.

6. Passing of Jacques Lombard of Special Forces in Angola

* Manuel Ferreira of the SAAF reports “… that Jacques was killed in an aircraft accident near Dondo on 13/10/2017. Jacques was a patient in a medical evacuation when the pilots reported bad weather and an engine on fire. All on board were killed and the Angolan Air Force is searching for the wreckage. Jacques was a former IO at the Special Forces Bde”.

* Jacob Clarence van Logistiek voeg by dat berigte en ‘n fotos op die volgende twee skakels beskikbaar is:

https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/sa-man-sterf-in-angola-ons-onthou-al-die-mooi-herinneringe/

https://africa.cgtn.com/2017/10/14/seven-people-killed-in-angola-plane-crash/

7. Terugslag vir Joep van Zyl van die Seiners

Gerrit Murphy van die Seiners rapporteer dat “… Joep is ernstig siek is. Kanker van die pankreas is gediagnoseer en die dokters het nie veel hoop nie. Vanaf 2 Mil Hosp is hy na Kingsbury Hospitaal in Claremont vir verdere behandeling oorgeplaas. Joep se selno is 064 944 5173 en sy vrou, Baby, s’n is 064 944 2802. Ek het met hom gesels en hy het aanmoediging deur sy kollegas en vriende nodig. Joep het onlangs vanaf Australië teruggekeer nadat hy aanvanklik soontoe geïmmigreer het”.

8. Operasie vir Renier van Rensburg van die Seiners

* Paul Els rapporteer dat “... Renier ‘n groot rugoperasie ondergaan het maar nou by die huis verder verpleeg word. Sy selno is 072 559 8209”.

* Walter Volker van die Seiners noem dat “… in 1982 was Renier die Eskn SM by 23 Eskn in Wonderboom toe ek as ’n NDP daar gedien het. Sy voorletters en van is RAA Janse van Rensburg en ons het hom RAAJ genoem as hy nie by was nie”.

9. Terugslag vir Tjoekie : Eggenote van Flip Viljoen van die SAV

Tinus (AK) de Jager van die Infanterie noem “…. dat Tjoekie ernstig siek is. Flip se selno is 083 232 2570”.

HULDEBLYKE AAN KOOS MARITZ VAN DIE INFANTERIE

10. John Lizamore : President van die SA Infanterievereniging

“Na ‘n stryd van meer as ses jaar teen kolonkanker is Koos op 15/10/2017 oorlede. Hy het dapper teen hierdie verskriklike siekte baklei en ek het die voorreg gehad om hom te sien net voor hy gesterf het. Mag sy siel in vrede rus!

Koos was die lojaalste mens wat ek geken het. Niks was vir hom te veel moeite nie. Tot op die laaste was hy 'n aktiewe lid van die SA Infanterievereniging, hy het ons konstitusie bygehou en die vereniging se geskiedenis geskryf. Hy was 'n waardevolle lid van die Nasionale Uitvoerende Raad en het sy werk getrou en nougeset nagekom. Koos was 'n voorbeeld vir ons almal. Hier is 'n groot boom wat geval het! Ons salueer hom en sal hom nooit vergeet nie”.

11. Genl Joffel van der Westhuizen van die Geskut

“Ek wou bitter graag die begrafnis bywoon om eer aan Koos te bewys, maar kon dit weens my onlangse operasie nie doen nie. Ek kon vir Koos darem in die vorige week in 1 Mil Hosp gaan besoek en as daar ooit ‘n mens was wat ‘n voorbeeld van innerlike krag en moed was, dan is dit Koos. Hy het soos ons ou 3 tonners vasgebyt tot op die end.

Koos was een van daardie skaars Veterane, wie se loopbaan na aftrede net eenvoudig met die bevordering van die SAW se mensbelange voortgegaan het en sy spore lê diep. Ons het nege jaar lank saam op die Bond van Savannah gedien en hy was nie ‘n kat wat sommer sonder handskoene (lees feite) aangepak moes word nie.

Op 07/10/2017 het die vorige en nuwe Savannah Bond se uitvoerende komitees ooreen gekom om Koos met ‘n spesiale sertifikaat te vereer. Ons het dit almal geteken, maar toe is Koos oorlede voordat ons dit vir hom kon gee. Hoe jammer is dit nie dat sovele soortgelyke dankies nie deur hom gehoor kon word nie”.

12. CC (Doepie Du Plessis van die Infanterie

“Koos, ek salueer jou met ‘n traan in die oog maar tog ook met ‘n betekenisvolle glimlag op my gesig. Rus in vrede”.

13. Derek (Kees) Odendaal van die Infanterie

“Koos was ‘n groot Soldaat en dit was ‘n voorreg om jou te geken het. Rus in Vrede”.

14. Dr Alan Nelson van die SALM

Alan is verbonde aan die Universiteit van die Wes-Kaap en noem dat hy “... die ‘troepe’ hier by die Universiteit van Koos Maritz se afsterwe in kennis gestel het. Ek was vir agt jaar toegevoeg tot die Infanterie as Programbestuurder (Reserwes) vir Projek Fort iKapa, onder genls Yam, Les Rudman, Krupert Nel en Mannetjies de Goede. Dit was ‘n voorreg om saam met hulle te kon werk”.

15. Ore van den Heever van die Kavallerie

“Ek is hartseer om van Koos se afsterwe te verneem, maar dalk help woorde om die hartseer ‘n bietjie minder te maak. My verbintenis met Koos strek vanaf 1987 toe ek by hom as SSO Fin by Leër HK oorgeneem het. Hy het as my voorganger nooit ingemeng nie, maar stil-stil leiding gegee. Later, toe hy as D Plan aangestel is, het hy my genooi om saam sy nuwe motor te gaan uitkies. Ons het ‘n vriend verloor en was op sy eie manier ‘n offisier na wie baie vir leiding opgesien het”.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

16. Tribute to Victor (Vic) Walker of the Infantry

John Redfern of Int Div states that "… Vic began his military career in the UK before moving to Africa where he served with the Northern Rhodesia Police before joining the Kings African Rifles. In 1964, after the break-up of Federation, he joined the Rhodesian Army as an Infanteer and was posted to 1 Bn Rhodesian African Rifles as a company commander. After various staff postings, Vic was appointed OC 3 Bde until after Zimbabwean Independence in 1980. He later joined the SADF where he served as SSO Ops at HQ Wit Comd during the period 1987-1993. He was then transferred to Army HQ and was appointed SSO Ops at the NPKF HQ. Vic was awarded the SM for excellent service before retiring and moving to the UK".

17. Huldeblyk aan Daan Nell van die Seiners en die Parabats deur Gerrit Murphy

"Daan het bekendgestaan as die 'Springende Seiner' 'n benaming wat hy baie trots op was en ook later as 'Slim Daan'. Hy het sy loopbaan in 1962 as 'n offisierinstrukteur by 10 Sein Eskn van die Seinskool begin. Vanaf 1965 tot 1969 was Daan Bev Seintroep by 1 Valsk Bn en was by Op Dikmelk in 1967 betrokke om 'n beplande inval deur die VN in SWA te stuit. Vanaf 1969 was Daan as 'n elektroniese-oorlogvoeringtroepbevelvoerder te Chirundu in Rhodesië en by Op Brush te Rundu in SWA betrokke en het hierdie operasionele diens elke drie maande op 'n rotasie basis uitgevoer. In 1975 het Daan sy Bevel- en Stafkursus by die SA Leërkol gedoen en is daarna by die SD Tak as 'n instrukteur aangestel. Hierdie taak het hy met groot ywer uitgevoer en is toe ook later as Hoofinstrukteur by die SD Tak aangestel. Na die SA Leërkol is Daan na Dir Bepl by SA Leër HK waar hy met die skryf van doktrine van die SA Leër se dienswapens betrokke was. Daan het sy diens in die SA Leër as senior opleidingsoffisier by die L Geveg S te Lohathla afgesluit. Daarna by Dir Mannekrag Voorsiening by Afd Pers het H SAW en H Leër vir Daan gereeld gebruik om stafondersoeke vir hulle uit te voer. Sy laaste aanstelling was tussen 1991 tot 1995 as D Telekom Elektroniese-Oorlogvoering by Afd Ops. Naas telekommunikasie-elektronika was valskermspring Daan se tweede liefde.

Daan was bekend as 'n baie hulpvaardige persoon en het sy kennis en vaardighede met almal gedeel. As opleidings- en stafoffisier sal ons vir Daan vir sy leergierigheid, akkurate taalgebruik en aandrang op volledige stafwerk altyd onthou. Rus in vrede my kollega en goeie vriend. Ons het 'n lang en opwindende pad vanaf 1965 tot 1993 in die SAW saamgeloop".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

18. Reburial of SA and British Soldiers

Albert van Zyl of 32 Bn and Int Div reports of the article in the Namib Times of 13/10/2017 which stated that the remains of eight SA and four British soldiers were exhumed at the Mulderene cemetary in Walfis Bay for reburial in the military part of the municipal cemetary in Swakopmund on 12/11/2017. These soldiers died during WW2 in the Walfis Bay area due to accidents, drownings and illness.

19. Captains of Warships Stripped of Command

In Angel's MN it was reported that the Captain of a Nuclear Submarine had been stripped of command due to an inappropriate relationship with a junior female subordinate. In 2014. Sarah West, the RN's first female warship captain, was released from her command of HMS Portland during a call in Cape Town over an affair with a married officer. It would be interesting to see the result if this regulation was applied in the SANDF.

20. USS Nimitz Achieves 100 000th Aircraft Launch Milestone

Angel also states that this lead ship of the US Navy's Nimitz-class nuclear-powered aircraft carriers launched the 100 000th aircraft from catapult two, marking the second time the ship has achieved this milestone. Catapult one launched its
100 000th aircraft on 07/10/2009. A F/A-18E Super Hornet had the honour of making this milestone launch on catapult two on 25/09/2017 as shown below.

21. Serbian Marines Protect their Vessel along the African Coast

Since Sep 2017 Serbian Marines have been employed on MV Esbjerg which is used in the World Food Programme to provide vital food aid to the starving masses. The only interest in this report is the photo depicting the use of barbed wire along the ship's side to protect it from pirate attack as it sails along the Somali coast.

22. New Issue of Spindrift

Arne Söderlund advises that the latest issue of this Naval newsletter is available from his e-mail address at angel45@iafrica.com.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

23. NTR.

DIE SM MEDIESE VOORTSETTINGSFONDS (SMMVF)

24. NTR.

TOEKOMSTIGE OORLOë

25. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

26. Redding van die Bemanning van die Dunedin Star

* Verlede week het Hennie Heymans van die ZARPe vertel van die reddingspoging toe die Dunedin Star in Mei 1942 gedurende WO2 langs die Seekus van die Dood gestrand het, terwyl Johann Engelbrecht van Leërinligting `n model gebou het van die Lockheed Ventura wat hiertydens ‘n noodlanding moes doen. Johan wou weet of die betrokke vliegtuig, asook die opvolg-hulpverlener, vanaf 25 Esk in Kaapstad afkomstig was.

* John Boardman of the SAAF mentions that he had forwarded the enquiry to Alan Taylor, a historian at the SAAF Museum in Pretoria, who reacted as follows:

"Ventura 6070K was actually from 23 Sqn based at Darling. It would have flown to Cape Town to collect supplies before heading to the Skeleton Coast. It would be a safe bet to assume that the other Venturas were also from 23 Sqn, since 27 Sqn was largely still in the process of being formed at AFS Germiston and AFS Zwartkop. It did move to Eerste Rivier in Dec 1942 but 23 Sqn was the squadron closest to the incident".

27. Albert van Driel van die Infanterie oor Harry Finlay van die Parabats

Verlede week het Albert vertel dat Harry in 1960 deel was van die beroemde groep kandidate onder aanvoering van die destydse kmdt WP Louw wat as valskerminstrukteurs in Engeland gekwalifiseer het. Die groep moes eers ‘n fiksheidskursus by die LO Tak slaag en Albert het die fiksheidsopleiding aangebied en is van mening dat die kursus nie ‘n marteling was soos sommige dit nou wil beskryf nie. Die fotos toon hoe Harry destyds gelyk het en as Veteraan kort voor sy afsterwe op 01/09/2017:

28. Ronnie Claassen van die Parabats se Siening van die LO Kursus

“Ek het Albert van Driel se relaas verlede week oor Kursus 817P, S Mag Valskermtroepe-keuring, wat vanaf 06 – 21/09/1960 by die SA Milkol aangebied was, interessant gevind. Albert glo egter dat die kursus nie so erg was as wat beweer word nie, maar Albert
en wyle Sheehan-
Shephard het ons sommige dae so verrinneweer dat AO2 Verster, die Gimnasium-sammajoor, tot ons redding gekom het deur die rookbreke
langer te maak sodat ons langer kon rus. Na die eerste twee dae was ons so styf dat ons mekaar moes help om die trappies by die Suikerbosmenasie
op en af te klim. In my gedagtes hoor ek nou nog julle instruksies van ‘… op die rak, af die rak’ en ‘… om die Basoetoe-pawiljoen!’ Daar was ook beserings weens die strawwe kursus, maar toe ons op die vliegtuig klim was almal uiters fiks. Met Tico Brink se onlangse begrafnis in Kaapstad
het ek, Ysterman van Niekerk en Johnny Kieser lekker oor die keuringskursus gesels. Daar is nog net ons drie van die oorspronklike 15 wat nog lewe”.

29. Video oor die Bosoorlog

Die skrywer, Al J Venter, noem dat die video “… op die skakel by Bosoorlog deur 'n groep Amerikaners versprei is wat die wêreld van ons dink. Ek dink van ons ou manne sal dit graag vir hulle kinders, kleinkinders, vrouens en res van die familie wil wys oor wat ons nou werklik in die oorlog gedoen het”.

30. Video on the War in Angola. Manuel Ferreira of the SAAF says that the video is available on the link at War In Angola.

31. Moleste in Johannesburg

Hilton Lee van die Infanterie se mannewales het tydens die geleentheid na afloop van Daan Nell se gedenkdiens op 24/10/2017 ter sprake gekom. Genl Georg Meiring noem toe dat “... tydens my dienstydperk as Bev Kmdmt Wit is Hillton as Hoof van die Stadsraad se Sekuriteitsafdeling aangestel. Ek het hom ontbied en ingelig dat ek nie enige kattekwaad in hierdie gebied gaan duld nie. ‘n Paar dae later gooi iemand ‘n traangasgranaat in Johannesburg se middestad en skaars vyf minute later toe bel Hilton my en sê ‘... dit was nie ek nie, brigadier, dit was nie ek nie!”

32. Geskiedenis van die SA Infanterie. Die volgende inset is vanaf dr Kriek van der Merwe van die Infanterie en historikus in eie reg, ontvang:

In 1921 is die eerste eg SA Infanterie-handleiding as die 'South African Infantry Training Manual Part 1 and Part 2' in gebruik geneem en is ook met 'n proses begin om Infanteriste in grond/lug-samewerking op te lei. Dit het aanleiding gegee tot die eerste grond/lugopleiding tussen lede van die Infanterie en die SALM toe 'n oefening in kamoeflering en lugwaarneming te Ladysmith onderneem is. Dit is beskryf as '…attacking troops signalled to the aeroplane by means of a tin disc 4x6 flashing in the sun. During overcast and cloudy days the Lucas day light electrical lamp was used for signals. The 'T' (popham) signalling panel was also used for communication between ground troops and aircraft'.

In 1933 is 'n spesiale eenheid, die Spesiale Diensbalajon (SDB) gestig om werk aan werklose Afrikaners te verskaf, maar werkloosheid was so omvangryk dat in 1934 besluit is om die 'Pioneer Battalion' te stig '... to absorb youth and young men not eligible for the SSB and to train the men for manual labour'. In die jare daarna is die Pionier Bataljon ontwikkel as voedingsbron vir die SDB ontwikkel en in 1935 is die Pionier Bataljon op die grondslag van 'n infanterie bataljon georganiseer en is begin om Pioniers na die SDB as infanteriste oor te plaas.

In 1935 was daar aansienlike verwarring oor die benaming en definiëring van infanterie-wapens aangesien dit nie beskryf was nie. Om die verwarring op te klaar, is met 'n proses begin om elke wapen te definieer en onderdele te benoem en te benaam. Dit was dalk die begin van die militêre woordeboek.

In 1941 het die Masjiengeweer-bataljon uit 48 Vickers Masjiengewere bestaan en 'n wesenlike element van 'n Divisie se slagorde gevorm.

In Italië het die Duitse mortiere op agterhellingstellings ontplooi ten einde teenbombardement oneffektief te maak. Vir die bemannings van die UVM se 3 duim-mortiere was dit 'n wesenlike probleem, want die 3 duim mortier se aanwendingsafstand was 3 000 jaart, terwyl die Duitse agterhellingstellings ongeveer 4 000 jaart verder ontplooi was. Die probleem oorbrug toe ons troepe Duitse hulpladings gebuit het wat die 3 duim mortier se aanwendingsafstand na 4 000 jaart verleng het.

Kan iemand verduidelik of die Pioniers wat in die jare 60 en 70 as opsigters na die sportvelde omgesien het, oorspronklik deel van die Pionier Bataljon was? My e-posadres is kriek1953@gmail.com".

33. Rugby in Walvisbaai

Albert van Zyl van 32 Bn en Afd Inl onthou "... dat die SAW 'n formidabele rugbyspan in Walvisbaai gehad het. Op hierdie foto is die span wat die SWA Subunie-kampioenskap in 1971 gewen het. A de Jager was die Voorsitter van die Klub".

34. Nuutste NONGQAI oor die RSA se Veiligheidsgeskiedenis

* Hennie Heymans van die ZARPe rapporteer dat "… die nuutste uitgawe op die skakel op ISSUU by https://issuu.com/hennieheymans/docs/vol_8_no_9_nongqai_1 beskikbaar is.

* Hennie noem ook dat foto's, artikels, staaltjies, verklarings, sitate, sertifikate, eervolle vermeldings en koerantberigte oor lede van die Vme, met inbegrip van Rhodesië en die ou TBVC en nasionale state, benodig word. Ons geskiedenis is besig om in die sand weg te syfer . Suid-Afrika het 'n roemryke nasionale veiligheidsgeskiedenis en informasie en fotos van oorlog, opstande, oproer, rebellie, grensdiens, met inbegrip van grensbeskerming en grensbeveiliging, moet geboekstaaf word.

Fotos van ons diensdiere soos van van perde, kamele, osse, donkies en regimentstroeteldiere is nodig. Die Natal Police het selfs 'n Zebra gehad wat op hulle parades vertoon is. Waar is die fotos van ons geboue, forte en toerusting. Die UVM het selfs pantsertreine gehad.

Ons het 'n plig om ons nasionale veiligheidsgeskiedenis vir die nageslag te bewaar. Ons plaas alle Nongqai's op die platform ISSUU en op die webtuiste SA Mirror. Die skakels is by https://issuu.com/hennieheymans/docs en http://www.samirror.com/".

35. Nongqai : Tydskrif van die SAP

Hennie Heymans van die ZARPe is die redakteur en hy noem dat die nuwe uitgawe van die Nongqai op die skakel by https://issuu.com/hennieheymans/docs/nongqai_vol_8_no_10 beskikbaar is. Baie dankie aan die Militêre Veterane wat artikels vir plasing verskaf".

NUWE MILITêRE BOEKE

36. Bush War Books. This publisher has made known that the following books could be ordered from the e-mail address at sales@warbooks.co.za:

* *The Terrible Ones : The Complete History of 32* Battalion (*Volumes 1 & 2)* By Piet Nortje for R650.



* DVD Named *Brothers in Blood : The Men of 32 Battalion*

For the first time 60 former members of 32 Bn talk about their experiences during the Border War. Hundreds of photos were prepared and hours of film footage and video tape viewed to make the documentary as thought-provoking as possible. This is a tribute to the bravest of the brave! Duration is 90 minutes and is available from 01/11/2017 for R295 from Bush War Books.

* *The Battle of Savate : 32 Battalion's Greatest Operation.*
By Piet Nortje for R295.



* *Brothers in Blood : The Men of 32 Battalion*
This comprehensive two-volume work by Piet Nortje covers in detail the unit's 117 documented military operations from 1976 to 1993. Nortje interviewed members of 32 Bn, as well as Portuguese, SWAPO, Cuban and Russian soldiers to give the perspective of the men on the ground. 1320 pages in two volumes for R295.

* *Wings over Langebaanweg*

This is the third in a trilogy of books about flying training in the SAAF by Andrew Embleton. AFB Langebaanweg has a long and important history and include a short history of the unit, flying the Spitfire, the Vampire and the Impala MB 326M. At present out of stock



* *Parabat.* By Mathew Paul.



* *The Black Beret*. By Willem Steenkamp.



PAUL ELS SE BOEKE

37. Nuwe Boek : *Ons Was Daar : Walvisbaai*

“Ek het ‘n koevert met twee tydskrifte, twee koerante en ‘n paar fotos van Willie van Zyl uit Walvisbaai oor die geskiedenis van Walvisbaai se kommando ontvang. Ek sal ook graag informasie oor die haarkappers van 2 SAI Bn wil kry, want daar was sekerlik ‘n karakter of twee”.

38. Gesamentlike Poging

“Pieter van der Walt en Gert van Niekerk, beide van die Geskut en myself is saam besig om aan die boek oor Walvisbaai te werk en het besluit om finalisering van die boek tot Mrt 2018 jaar te vertraag om vir nog vir nog beloofde fotos en stories voorsiening te maak. Gert het ook nog 120 koerantberigte oor Walvisbaai bekom wat noukeurig verwerk moet word.

39. Versoek deur Gert van Niekerk van die Geskut

“Ek het ‘n konsep-sketskaart vir die boek opgestel om plekke uit ons verlede aan te dui en ook om die aandag op nuwe verwikkelinge te vestig. Gedurende 1970 was die gebied Oos van die duinegordel vanaf die Swakoprivier to by die Kuisebrivier tot ons beskikking vir veldoefeninge. Grofgeskut was in die gebied om Swartkoppies beoefen en die kleingeweerskietbaan was oorkant die C14 Suid van Rooikop. Die Infanterie het ook die onbewoonde bosgedeelte langs die Kuisebrivier benut. In die Namib Times van 4 Mei 1979 is daar 'n kennisgewing van skietoefeninge met grofgeskut en kleingewere wat op die Vlootgeskut se skietbaan tussen die volgende ko-ordinate sou plaasvind:

23º 02' S 14º 25' O
23º 02' S 14º 33' O
23º 10' S 14º 33' O
23º 08' S 14º 27' O)

Ek sal graag wil weet wanneer hierdie beperking ingestel was. Kommentaar rakende die bogenoemde en verdere byvoegings vir die sketskaart, soos die ligging van toegangsbeheerpunte net voor oorhandiging van die enklawe, sal waardeer word. Die kaart kan vanaf my e-posadres by gert21151@gmail.com aangevra word”.

AKTIWITEITE VAN DIE GEPF MONITORGROEP (MG)

40. Aanslag teen die Pensioenfonds (GEPF)

Hennie Roux van die GEPF MG noem dat “… ons sekere informasie aan die Parlementêre Portefeuljekomitee oor Finansies verskaf het, wat hulle in staat gestel het om die bestuur van die OBK en GEPF lekker te looi toe hulle op 17/10/2017 voor die portefeuljekomitee verskyn het. Ons voel tog dat ons met ons beperkte middele wel vordering maak. Ons het 'n aandeel daaraan gehad weens die aanhoudende harde werk deur die enkele persone wat hiermee doenig is”.

ALGEMENE ASPEKTE

41. Nuwe Bestuur van Op Savannah se Veterane Bond

Delano (Lanie) Keller van die Lugafweer verduidelik dat “… die nuutverkose bestuur van die Bond besluit het om vernuwing en langdurige oorlewing van die Bond te forseer. Gevolglik het die Beskermheer, Voorsitter en Onder-voorsitter gesamentlik bedank en is die beskermheer, genl Joffel van der Westhuizen, met Toon Slabbert van die Pantser vervang. Die nuwe voorsitter is vervang met Renaud Booysen van die TDK en verdere aanstellings sal volg sodra Renaud sy span geraadpleeg het. Ekself, Lanie Keller, is gevra om voorlopig aan te bly om kommunikasie te behou.

The members that resigned remain completely committed and are at all times available to assist or offer advice to the new committee. Their action was an imperative to ensure the survival of the totally unique Savannah Veterans’ Association.

Wat nou benodig word is dat die Veterane van Op Savannah, en veral NDPs wat in Op Savannah gedien het en in die Johannesburg/Pretoria- woonagtig is, bereid moet wees om te help, want die vernuwing, omvorming en her-begeestering van die Bond gaan sulke Veterane se inset en betrokkenheid benodig. Die Savannah-groep was ‘n unieke groep wat ‘n oorlog onder besondere omstandighede en beperkings aangepak het omdat opleiding nie vir hierdie omstandighede voorsiening gemaak het nie. Dit was ‘n besondere groep en ons is trots om aan so ‘n groep te kan behoort”.

42. Funksionering van die Staat. Willie Louw is in Jeffreysbaai en bring die volgende onder die Veterane se aandag:

“Baie van ons is bekommerd oor die situasie in die land, veral weens die negatiewe indruk wat deur die koerante en sosiale media geskep word. Op DSTV se Kanaal 408 oor Parlementêre aangeleenthede word daar egter sittings van die Parlement en Parlementêre Komitees uitgesaai waarvan ons gerus kan kennis neem. So is daar byvoorbeeld op 16/10/2017 ‘n insiggewende program oor staatskaping, korrupsie en wanbestuur uitgesaai, terwyl die GEPF en OBK se verskyning op 17/10/2017 voor die Parlementêre Komitee op Finansies gedek is. Besprekings oor die funksionering van die ander Staatsinstellings vind ook gereeld plaas. Hiervolgens blyk dit dat die owerheid ernstig is om korrupsie te bekamp. Kyk gerus na hierdie program want dit sal help om die gees van pessimisme ‘n bietjie te demp”.

43. Versameling oor WW2

Dr Francois Strauss (voormalige lid van die SALM, tans afgetree in Oudtshoorn) verwittig “… dat ‘n oud-lid van die SAP, Gerhard Bouwer, se seun 'n tyd gelede tragies oorlede is. In lewe het die seun 'n groot versameling van CDs, boeke, ‘n magdom van informasie oor veldslae, oorspronklike korrespondensie van die Geallieerdes en die Spilmagte, asook oorspronklike filmmateriaal van veldslae en ander oorlogsgebeure opgebou. Gerhard Bouwer het hierdie versameling tot nou toe vertroetel, maar wil dit nou graag in die hande van iemand laat wat 'n werklike belangstelling in WW2 het. Hy wil nie geld hieruit maak nie en sal slegs oorhoofse kostes wil dek. Hy het tans nog nie 'n inventaris nie, maar sal dit opstel indien een van die Veterane belangstel. Kontak hom by 081 007 3005 of op bouwer1949@gmail.com”.

44. Recent Tour of the Battlefields in the Eastern Cape

Charles Tregoning of Shield Tours tells of a “… tour recently organised by myself and Piet Hall to battle sites in the Eastern Cape. The tour guides were Jock Harris and Piet Hall. The group left Port Elizabeth (PE) on 06/10/2017 and the first stop was at Fort Selwyn in Grahamstown where Jock Harris talked about the Battle of Grahamstown in Apr 1819 and the semaphore signalling system employed by the British. Next was Fort Double Drift, where the fort was found to be in disrepair and where Piet Hall explained the history and events in and around the Fort. The next day we were at the scene of the Battle of the Ngwangwa, where Piet Hall told of a Xhosa Impi caught out in the open by 9 Dragoons and decimated. This was one of the very few cavalry actions to take place in the Frontier Wars. Then it was on to Keiskamma Barracks and Fort Willshire, which is overgrown and the graves are in need of maintenance. A very short and moving ceremony was held accompanied by the pipes to pay respect to the dead. The next day was cold and drizzling so Fort Beaufort was next with a visit to the Martello Tower. On the way back to PE the grave of the prisoner, who was one of the sparks to igniting the 7th Frontier War, The War of The Axe, was visited”.

45. Beveiliging van die Landelike Gemeenskap

Verlede week is verwys na AfriForum se poging om met die beveiliging van ons landelike gemeenskap betrokke te raak en het ‘n dokument met wenke opgestel om plaasaanvalle te verhoed. Iemand het vir my die lys met wenke gestuur en ek het in die Nuusbrief genoem dat dit by my aangevra kan word. Tot my skande kan ek dit nou nie kry nie en vra dat dit asseblief weer na isajohan@johannisa.co.za aangestuur word.

46. Words of Last Post

Johann Posthumus of Army Intelligence reports that the melody known to all soldiers originate from the civil war in the USA, where the notes of the song was found in the pocket of a dead soldier of the Confederate Army. At some stage the following words were added to the melody:

Day is done.
Gone the sun.
From the lakes
From the hills.
From the sky.
All is well.
Safely rest.
God is nigh.
Fading light.
Dims the sight.
And a star.
Gems the sky.
Gleaming bright.
From afar.
Drawing nigh.
Falls the night.
Thanks and praise.
For our days.
Neath the sun
Neath the stars.
Neath the sky
As we go.
This we know.
God is nigh

47. Presenting the New Mercedes Benz SCL 600

Paul Els has provided this report which probably means that only the Veterans of the SAAF will be able to drive this car. The full report is available from Paul at paul@who-els.co.za. The real difference is that the car has no steering wheel or pedals as you drive this car with a joystick.

48. Airport Security at Tel Aviv

Willem (Kaas) van der Waals of the Parabats reports that he has received unconfirmed duff gen that should have been placed with the rest of the jokes. However, to humour Kaas it will appear under General Aspects, for the faint chance that there may be some truth in the report. The Israelis are apparently developing an airport security device that eliminates the privacy concerns that come with full-body scanners. You step into an armoured booth that will not X-ray you, but will detonate any explosive device you may have on your person. Israel sees this as a win-win situation for everyone, with none of this crap about racial profiling. It will also eliminate the costs of long and expensive trials. In the airport terminal you could hear a muffled explosion, followed by the following announcement:

"Attention to all standby passengers. El Al is pleased to announce a seat available on flight 670 to London".

SOEKTOGTE

49. Waar is die Weduwee van Os de Waal van die SALM?

Tinus de Jager van die Infanterie wil graag met Os de Waal se weduwee kontak maak. Os was die spanbestuurder van die SAW se rugbyspan in die WP wat in 1987 die Toyata Klubkampioenskappe in Durban gewen het. My e-posadres is dejagertm@gmail.com".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

50. NTR.

NETWORKING

51. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

54. Speaking Inglis Deliciously in the SA Army

Fred Oelschig of the Infantry still remembers that in his year at the SA Army Gim a well known instructor, in an English month, instructed his platoon as follows:

"Youse all run round that building two times twice and fall into a straight stripe before me".

55. Helping Each Other

56. Closing Note

And on that helpful note, sterkte vir die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

57. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.